higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

1 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	C
	1.1.3	B
	1.1.4	D
	1.1.5	D
	1.1.6	A
	1.1.7	B
	1.1.8	C
	1.1.9	B
	1.1.10	C
	1.1.11	D
	1.1.12	A
	1.1.13	C
	1.1.14	C
	1.1.15	D

(15 × 2) (30)

1.2	1.2.1	H
	1.2.2	F
	1.2.3	G
	1.2.4	K
	1.2.5	J
	1.2.6	B
	1.2.7	I
	1.2.8	A
	1.2.9	C
	1.2.10	D

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 As uitvoering/prestasie van die kontrak onmoontlik is.✓✓
- Voorbeeld: 'n kontrak om Tafelberg te verskuif✓✓
- Dit is onmoontlik om hierdie kontrak uit te voer en dit is dus nietig.✓✓

As die kontrak regtens onmoontlik is✓✓
- Voorbeeld: Iemand stem in om 'n ander persoon te vermoor in ruil vir die betaling van 'n som geld.✓✓

As 'n persoon met geen handelingsbevoegdheid 'n kontrak sluit✓✓
- Voorbeeld: 'n Kontrak wat 'n kranksinnige persoon sluit, is nietig. (12)

2.2
- Wanneer dit hoogs onwaarskynlik is dat die verborge gebrek ten tyde van die verkoop bestaan het
- Indien daar uitdruklik daarop ooreengekom is dat die saak met al sy foute verkoop word, net soos dit is (voetstoots).
- Waar die koper bewus was van die verborge gebrek op die tydstip toe die koper en die verkoper die ooreenkoms aangegaan het en die koper dit aanvaar het asof niks daarmee verkeerd was nie
- Indien die beskikbare regsmiddel vir verborge gebreke verjaar het of beëindig is
- Waar die koper afstand doen van sy/haar reg om vir verborge gebreke te eis (5 × 2) (10)

2.3
- Werk teen sy/haar eie tempo en nie onder toesig van 'n werkgewer nie
- Kan die werk doen soos hy/sy dit goed vind solank hy/sy die kontrak nakom
- Doen 'n betrokke stuk werk en moet sy/haar eie middele verskaf om die werk te doen
- Verskaf 'n diens vir die uitvoering van 'n spesifieke stuk werk (tydelik)

(4 × 2) (8)

2.4
- Ernstige bedoeling
- Aanbod word gemaak sodat wanneer die aanbod aanvaar word, dit tot 'n afdwingbare ooreenkoms aanleiding sal gee
- Aanbod word aan 'n spesifieke persoon gemaak, naamlik die geadresseerde
- Aanbod moet duidelik, ondubbelsinnig en presies gemaak word
- Aanbod word gemaak met die bedoeling dat 'n regsband of bindende ooreenkoms daaruit sal voortspruit
- Aanbod is prakties en dit moet altyd moontlik wees om die aanbod uit te voer (6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

2.5
- Deur verloop van tyd
- Die huurder en die verhuurder gee mekaar kennis.
- Deur wedersydse ooreenkoms tussen die verhuurder en die huurder
- Deur skuldvermenging
- Insolvensie van die huurder
- Kansellasie deur enige van die partye
- Vernietiging van die eiendom deur óf die huurder óf deur vis major
- Dood van enigeen van die partye (8)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Wanneer dit onmoontlik is om die artikel in dieselfde toestand terug te besorg as waarin dit was toe die verkoper dit aan die koper gelewer het as gevolg van laasgenoemde se skuld
- Wanneer die artikel verlore of beskadig word na lewering aan die koper as gevolg van die koper se nalatigheid
- Wanneer die koper 'n verborge gebrek ontdek, maar hy/sy hou nogtans die artikel en gaan voort om dit te gebruik
- Wanneer die handeling verjaar het, dit wil sê, een jaar na sluiting van die kontrak
- Wanneer die verkoper 'n waarborg teen enige aanspreeklikheid teenoor die koper gebruik by wyse van 'n stipulasie in die kontrak of by wyse van 'n wedersydse ooreenkoms tussen die partye (5 × 2) (10)

3.2
- Betaal huur stiptelik✓✓
  - Die spesifieke manier waarop die huurder huur moet betaal (bv. in kontant/tjekdeposito) word gewoonlik uitdruklik in die kontrak bepaal.✓✓
  - Die huurder moet dus die ooreengekome huurgeld betaal op die manier waarop die partye ooreengekom het.✓✓
  - Voorbeeld: op 'n vaste en ooreengekome datum elke maand✓✓

- Moet die eiendom behoorlik versorg✓✓
  - Die huurder mag die eiendom slegs op 'n behoorlike wyse gebruik✓✓ en moet dit gebruik vir die doel waarvoor hy/sy dit gehuur het of vir die gewone doel waarvoor dit verhuur word.

- Moet die eiendom in 'n goeie toestand terugbesorg wanneer die huurkontrak verstryk✓✓
  - Gewone slytasie of waardevermindering word natuurlik in aanmerking geneem.✓✓
  - Die huurder sal van hierdie plig onthef word en sal nie verantwoordelik gehou word as die eiendom beskadig✓✓ of vernietig word deur magte buite sy/haar beheer.
  - Voorbeeld: vis major✓✓ (10 × 2) (20)

3.3 Simboliese lewering✓✓

- Simboliese lewering beteken nie lewering van die artikel self deur dit aan die koper te oorhandig nie, maar eerder op 'n noodsaaklike manier om hom/haar in staat te stel om dit te bekom en om beheer daaroor uit te oefen.
- Aanvaar die sleutel van 'n pakhuis waarin die gekoopte goedere geberg word✓✓
- 'n Graansuierkwitansie is 'n ander manier waarop die koper van landbouprodukte die goedere wat hy/sy gekoop het, kan gaan haal en opeis.
- Die koper kan fisiese besit van en beheer oor die goedere verkry en die sleutel van die woonstel, ensovoorts.✓✓

Tradisionele longa manu (Lewering met die lang hand)✓✓

- Dit vind plaas wanneer dit moeilik is om die artikel te lewer.
- Dit is nie maklik om die artikel te hanteer nie weens sy grootte, gewig of ander eienskappe.✓✓
- Die koper wys die betrokke roerende artikel uit en plaas dit ter beskikking van die koper, en dan is dit die koper se verantwoordelikheid om beheer daaroor uit te oefen soos hy/sy goeddink.
- Voorbeeld: reël lewering by wyse van 'n trok, skip, trein, ensovoorts

Lewering met die kort hand (brevi manu)✓✓

- Die artikel wat gelewer moet word, is reeds in die besit van die persoon wat later eienaar daarvan sal word.
- Die persoon wat die eiendom namens die huidige eienaar hou, besluit later om die eiendom oor te neem (te koop) en word dan die nuwe eienaar daarvan.
- Formele lewering is nie nodig nie, omdat die eiendom reeds by die nuwe eienaar is.
- Voorbeeld: B leen 'n motor by A, maar voor B die motor teruggee volgens die ooreenkoms, besluit A dat B die motor kan hou as hy A R25 000 daarvoor betaal.✓✓

Constitutum possessorium✓✓

- Die verkoper hou die goedere nadat dit verkoop is.
- Die verkoper hou die goedere vir en namens die koper, omdat die verkoper die artikel moet verander of wysig om aan die koper se behoeftes te voldoen.
- Lewering vind plaas sodra die werk aan die goedere afgehandel is.
- Voorbeeld: A koop 'n verloofring by B.✓✓ (5 × 4) (20)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Betaal die koopprys
- Vergoed die koper omdat hy/sy die saak opgepas (versorg/onderhou) het
- Aanvaar lewering van die artikel wat gekoop is (3 × 2) (6)

4.2 Kredietverlener✓✓
- 'n Persoon wat goedere verkoop/'n verkoper of 'n handelaar of 'n persoon wat 'n diens lewer op grond van 'n krediettransaksie of 'n verhuurder ingevolge 'n huurtransaksie.✓✓

Kredietontvanger✓✓
- 'n Persoon wat goedere verkoop/'n verkoper of 'n persoon wat 'n diens lewer as gevolg van 'n krediettransaksie of 'n verhuurder ingevolge 'n huurtransaksie.✓✓ (4 × 2) (8)

4.3
- Mora debitoris
- Repudiasie
- Positiewe nienakoming ('non-performance')
- Mora creditoris
- Onmoontlikheid van prestasie (5 × 2) (10)

4.4 4.4.1 'n Ooreenkoms gesluit tussen twee of meer persone wat regtens afdwingbaar is, dit wil sê, die partye onderneem wedersyds of net een van hulle onderneem om iets te lewer of om iets te doen of om nie iets te doen nie (2)

4.4.2
- Prestasie✓✓
  Die kontrak word nagekom wanneer albei partye hul verpligting ten volle nagekom het, byvoorbeeld, die saak wat verkoop is, word gelewer en die koopprys word betaal.✓✓

- Skuldvernuwing✓✓
  Dit beteken dat die twee partye ooreenkom om die bestaande ooreenkoms tussen hulle te beëindig en om 'n nuwe ooreenkoms te sluit in die plek van die vorige ooreenkoms.✓✓

- Kwytskelding ✓✓ ('Release')
  Dit beteken dat die partye ooreenkom dat die skuldenaar van sy/haar verpligting vrygestel word.✓✓

- Skuldvergelyking✓✓
  Die skuldenaar en die skuldeiser skuld mekaar presies dieselfde bedrag geld en die ooreenkoms tussen hulle word dus gekanselleer.
- As die een party die ander party meer geld skuld, word die kleiner skuld uitgewis, terwyl die groter skuld verminder word.✓✓

Kopiereg voorbehou

- Skuldvermenging✓✓
  'n Kontrak word outomaties nagekom wanneer die bevoegdheid van die skuldenaar en die skuldeiser een word, dit wil sê, waar die huurder van 'n eiendom die eienaar daarvan word.

- Insolvensie✓✓
  As 'n persoon se laste sy/haar bates oorskry, word hy/sy onder beheer van 'n trustee of kurator geplaas.

- Onmoontlikheid van prestasie✓✓
  Indien dit ingevolge 'n kontrak onmoontlik is om te presteer, hetsy regtens of fisies, word die kontrak nagekom.

- Verjaring✓✓
  Verjaring het tot gevolg dat 'n skuld regtens onafdwingbaar word na verloop van 'n sekere tydperk. (8×3) (24)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Personereg
- Familiereg
- Sakereg
- Reg van individualiteit
- Handelsreg (Enige 4 x 1) (4)

5.2
- Onbevoegdheid/nalatigheid van 'n ernstige aard
- Opvallende/opsetlike werkafwesigheid of versuim om te werk
- Onredelike afwesigheid weens siekte
- Moedswillige ongehoorsaamheid, ongeregverdigde afwesigheid van of laatkom vir werk ten spyte van herhaalde waarskuwings
- Diensweiering en ander ondermynende gedrag
- Oneerlikheid (behoorlik bewys) in die uitvoering van sy/haar pligte
- Wangedrag wat werknemer ongeskik vir sy/haar pos maak
- Handelsontrouheid/openbaarmaking van handelsgeheime/maak geheime wins
- Kombinasie van bogenoemde faktore wat neerkom op repudiasie van of skending van 'n wesenlike bepaling in die dienskontrak (9 × 2) (18)

Kopiereg voorbehou

5.3 Sielsieke persone

- Het geen handelingsbevoegdheid nie
- Alle ooreenkomste wat hulle sluit, is nietig.
- Alle mense is geestelik gesond, tensy 'n bevoegde hof die persoon as sielsiek verklaar het.
- 'n Persoon wat beweer dat iemand anders sielsiek is, moet dit bewys.
- As verklaar word dat 'n persoon nie by sy/haar volle verstand is nie, is dit net logies dat so 'n persoon nie in staat is om te kontrakteer nie.
- Die kontrak sal nietig wees, tensy die persoon wat die kontrak gesluit het ten volle in beheer van sy/haar geestesvermoëns was.
- 'n Sielsieke persoon kan nie daaraan skuldig bevind word dat hy/sy 'n delik (onregmatige daad) gepleeg het nie.

Insolvente persone

- As 'n insolvente persoon gesekwestreer word, word sy/haar eiendom van hom/haar weggeneem en by 'n aangestelde kurator of trustee geplaas.
- Die insolvent se vermoë om vryelik te kontrakteer, word beperk.
- Hy/sy kan nie eiendom verkoop wat aan die insolvente boedel behoort nie.
- Hy/sy mag nie belang hê by of in diens geneem word by 'n onderneming of 'n beroep wat 'n algemene handelaar of vervaardiger is nie.
- 'n Kontrak wat 'n insolvent sluit, sal nie nietig wees nie, maar bly geldig totdat die kontrak deur die trustee of kurator tersyde gestel of bekragtig word.
- 'n Insolvente persoon kan nie 'n dranklisensie hou wat deur 'n hof uitgereik word nie of mag nie 'n direkteur van 'n maatskappy wees nie. (14 × 2) (28)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou